Rietvallei

Kampnuus

# Sionbergh

**NASIONALE SAAMTREK: 10 - 12 OKTOBER 2025**

**NASIONALE VERGADERING: 11 OKTOBER 2025**

Van Rietvallei se kant af was daar net 5 woonwaens, maar aangesien dit Nasionale Vergadering was, was daar heelwat ander Sawanante. Dis 'n mooi oord reg langs 'n dam vir die wat wil visvang. Mooi grasperke en 'n koue en verhitte swembad.
Teen Vrydagmiddag is al die Rietvalleiers opgeslaan en kuier ons reeds lekker.



*Daar word gehelp om die kapel reg te kry en die skerm wat Pieter saamgebring het, moet opgestel word.*

Die aand braai ons Rietvalleiers heerlik saam.



*Bertus, Dalena en Henry*



*Pieter, Johan en Erna*



*Advertensie*


Skakel **Dalena Marx**
vir
**Bioway goggagif**
**en**
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

**Bioway:** 1l, 2l en 5l
**Swartsakke:** 50 of 100 sakke
**Skoonmaakmiddels:** 2l, 5l en 25l

*Advertensie*


Saterdagoggend hou ons Nasionale Vergadering in die kapel (virtueel) met die ander gebiede reg oor die land. Die vergadering verloop goed en die stemmery word via WhatsApp gedoen.



*Die kapel tydens die Nasionale Vergadering.*

*Jannie Meyer,*
*(Nasionale Ondervoorsitter en Gebiedsvoorsitter van Oos-Randia) is aan die woord;*
*eintlik "op kamera".*

*Rietvallei se verteenwoordigers,*
*Johan en Pieter, tydens die vergadering.*
*Lyk soos die begroting dalk?*





*Meeste van die teenwoordige verteenwoordigers en belangstellendes van die noordelike gebiede na afloop van die Nasionale Vergadering. Wie erken jy?*

Na afloop van die vergadering word daar rustig verder gekuier en geswem.



*Martin Rix kuier saam met die Rietvalleiers, terwyl Dalena die sous maak (die werk doen).*

Pap en sous vir Saterdagaand:

Rietvallei lede het die bestanddele geskenk en maak pap en sous.

Die aand word daar 'n informele funksie in die saal gehou. Na boekevat word die nasionale toekennings uitgedeel. Ons eie Johan la Grange kry 'n toekenning vir sy webblad bydraes. En Pieter ontvang Rietvallei erelede se sertifikate.



*Johan ontvang die trofee van die Webmeester (ons eie Magdaleen)*



*Jannie Meyer oorhandig ons nuwe erelede se sertifikate en kentekens aan Pieter.*

Daar word buite gebraai en toe verder in die saal geëet en gekuier.



*Bertus, die voorbraaier*



*Saambraai, dan saamkuier!*

Sondag word daar kerkdiens gehou in die kapel. Daarna kom die naweek weer tot 'n einde en moet daar opgepak word.

Baie dankie, almal!

***Magdaleen Viljoen***